Pretoria- .....

<u>Skriflesing:</u> Romeine 10:6-17; Johannes 4:1-26
Heidelbergse Kategismus: **Sondag 35**
Teks: Johannes 4:24
Sing- SAMESANG: Ps. 106:8,9
TYDENS EREDIENS: Ps. 97:1; Ps. 115:1,2; Ps. 115:8,9

Die eerste gebod handel oor die waaragtige godsdiens, broeder en suster, dit gaan oor godsdiens wat waar en suiwer moet wees. Dit gaan oor die vrese van die Here. Die tweede gebod handel oor die diens aan die Here, dit gaan oor waaragtigheid in ons erediens. Ons kan die enigste God, die enige ware God, nie sien nie en ons mag Hom ook nie maar dien soos wat ons dit goed dink en onsself dink dit die beste is nie. Die Here laat dit op geen manier maar aan ons oor dat ons maar kan besluit hoe ons Hom wil dien nie. Aanbidding, ja die ware aanbidding van die ware God is in alle geval nie iets wat as dit uit jouself sou voortkom tot eer van God kan wees nie. Ons wat in onsself tot alle kwaad geneig is, uit onsself van nature geneig om God en ons naaste te haat. Hoe sal daar dan uit myself die regte en ware aanbidding kan kom as ek in myself soveel haat dra. Daar kan eers ware aanbidding wees as daar gehoorsaamheid gekom het. Gehoorsaam aan hoe God Self sê Hy gedien wil word dan eers kan ek God reg dien en Hom waarlik aanbid.

Die noodsaak van die tweede gebod hang dus baie nou saam om reg te glo, God reg te dien en God reg te vrees. Die verskil tussen die eerste en die tweede gebod het alles daarmee te doen dat mense kan afgode dien wat heeltemal God wil vervang. Dit verbied God in die eerste gebod, maar die oortreding van die tweede gebod gaan nie soseer oor ander beelde, ander gode, afgode, wat ons in die plek van God aanbid nie, maar dit gaan oor menslike verbeelding van die ware God. Jy begin as mens jou dinge oor die ware God verbeel en daardie verbeelding oor God word dan verbeeld in allerhande maniere en beelde hoe jy jouself wil bevredig in hoe jy God wil dien.

***

Toe Israel in die woestyn ’n goue kalf gemaak het, het hulle beslis nie bedoel om ’n ander god te begin dien, om die kalf as afgod te aanbid nie, née daar by die voet van die berg Horeb het hulle gedink hierdie kalf is ons beeld van die Here. Hy wat ons tot nou toe gedra het. Aäron dra direk hiertoe by as hy God in die goue kalf wil verbeeld en hy die

kalf dan aan die volk verkondig – *Dit is jou gode o Israel, wat jou uit Egipteland laat optrek het* (Ex.32:4). So het hy (Aäron) dit dalk goed bedoel om vir Israel in hulle baie vrae en probleme eintlik ’n verbeelding van hoe hulle oor God moet dink te probeer skep. Die erediens is en was nog altyd vir die Here van die grootste belang. Die erediens is nie daar vir die mens nie maar die erediens is daar vir die Here. Daarom gaan dit oor hoe die Here gedien moet word en nie oor hoe ons dit maar wil doen nie.

***

Dit gaan om ons godsdienstigheid, dit kan ons nie ontken nie. Die Here het ons eintlik so gemaak dat die mens van nature godsdienstig sal wees. Dit is ’n wetmatigheid dat die mens iets sal wil aanbid, selfs die mees primitiewe Boesman in die diepste afgesonderde dele van die woestyn sal iets van godsdiens in hom het. Hy aanbid of die son of watter elemente of diere uit die natuur daar ook vir hulle na vore mag kom. Talle rotstekeninge uit hierdie kulture wys die verdwaasde godsdiens rondom hierdie stomme beelde. Daar is honderde grotte waarin hierdie valse godsdiens as’t ware vir ons vas geteken sit.

Paulus het daar in Athene dieselfde gesien en gesê. Die wêreld is vol godsdienstigheid. Daardie stad Athene was vol afgodsbeelde van allerlei soorte. Baie godsdienstig waarin elke beeld eintlik sy eie godsdiens saamdra. Paulus wys self op hoe hy sien hulle baie godsdienstig is, maar nou kom die baie belangrike verskil tussen hierdie oortreding van die eerste gebod nl. die stad met sy baie gode en baie beelde en dan terselfdertyd die handhawing van die tweede gebod. Paulus gaan nie en rig ook nog ’n beeld op tussen die baie beelde om daardeur Athene by die ware God uit te bring nie. Van en vir die ware God kan daar nie ’n beeld opgerig word nie, maar om die ware God te dien word daar na die sinagoge gegaan. Daar waar geen beelde was nie, maar saam met die gelowiges word die Woord van God oopgemaak, soos hulle dit in die Ou Testament gehad het.

***

Die ware God kan alleen in ware godsdiens gedien word. Ware godsdiens kan nie sonder ’n ware erediens God aanbid nie. Ons moet vreemde diens altyd sien as vreemd omdat God daarin Self vervreem word. Dit gaan dus om meer as Wie ons aanbid, ons aanbid alleen die ware God maar dit gaan ook in die tweede gebod oor hoe ons Hom aanbid. Heeltyd gaan dit in die tweede gebod eintlik om die twee sake. God wat die maak van

beelde verbied waarin ons God Self wil verbeeld. Die ander kant is dat eiewillige godsdiens is oortreding van die tweede gebod.

Ten diepste gaan dit beslis verder dat die mens nie God in sy mag kan kry nie. Die heidene en heidense afgodediens het ’n hele netwerk van gedagtes en bedoelinge gehad. Daarmee het die heidene gedink om die onsigbare kragte en magte wat hulle lewe geraak het, dinge wat hulle nie sien nie, maar hulle direk beïnvloed, nou sigbaar voor te stel. Hulle godsdiens dra ’n bepaalde beeld uit. Die heidene was vir hierdie onheilsmagte ontsettend bang, want dit bedreig hulle lewe. Dink maar aan hoe hulle hierdie monsters wat hulle geglo het daar op die see bestaan, hoe hierdie monsteragtige krag eenvoudig jou ou skippie op die see heeltemal kan insluk. Die onstuitbare krag van ’n stormwind. Dit kan alles uitmekaar ruk. Daar kom die stomme mens en maak ’n stomme beeld. Teenoor hierdie magte en kragte begin die mens te glo maak beelde vir hierdie onsigbare “goed” , ja maak ’n beeld van die afgod wat jou lewe so beïnvloed dan kan jy dit op bepaalde plek neersit, jy kan hom sien en ja kan hom beheer. Dit alles doen die mens om eintlik deur dit te probeer om beheer uit te oefen.

Die beeld word nou die kanaal van denke wat as openbaringsmiddel ook vir die afgod moet dien. Hulle gode kry eintlik in hulle denke deur dit nou in ’n beeld voor te stel as’t ware ’n siel en liggaam soos wat elke mens siel en liggaam is. Die beelde moet dan voortdurend nie alleen net dien om die gode tevrede te stel nie, maar nou kan die god van die beeld hom aan die mens openbaar. Selfs is daar gevalle gewees as mense glo hulle gode laat hulle in die steek dan word die beelde geslaan om die afgod dan tot verhoring van hulle gebede te probeer dwing. Tog het hulle ook geglo in wat nou in alles al hierdie beelde vasvat is wanneer die ellende my tref dan is dit verklaarbaar uit die gebrekkige godsdiens of gebrekkige offers aan hierdie beeld of ’n gebrekkige tempel wat vir hierdie beeld gebou is. Daarom bou dan eerder pragtige tempels, bring net nog beter offers vir die beeld dan kan ons ons gode beïndruk. So dink die heidene. Die profeet Jesaja het in hfst. 44 op treffende manier met die heidene en hulle afgode gespot. Jy as mens met jou vernuf maak vir jou god voete, as jy wil, kan jy vir hom wieletjies aansit, jy kan hom stoot waar jy wil, met jou byl en jou hamers en jou warm kole vorm jy met jou kragtige

arms hierdie beeld soos dit jou pas. Luister net mooi hoe staan dit in Jes. 44:12-13- *Die ystersmid het 'n byl en werk in die gloed; en hy maak hom met hamers en bewerk hom met sy sterk arm; daarby word hy honger en het geen krag nie; drink hy geen water nie dan word hy moeg. Die timmerman span 'n lyn; hy trek hom af met 'n potlood; hy bewerk hom met skawe en teken hom met 'n passer en maak hom na die beeltenis van 'n man, na die skoonheid van 'n mens, om in 'n huis te woon...*

In alles kan ons seker nou besef, broeder en suster, al maak die heiden nou 'n bok of 'n vis, al maak die volk Israel 'n kalf, dan bedoel hulle dat die beeld eintlik die god verteenwoordig. Hulle aanbid dis nie letterlik die beeld nie, Aäron het ook nie gedink dat die Here soos 'n kalf lyk deur nou die beeld in die woestyn na die vorm van 'n kalf te maak nie, maar soos ons heeltyd hier besef die mens wil graag oor alles sy beheer probeer uitoefen. So het Israel gedink waar 'n jong bul hulle verbeelding aangryp met sy krag en vrugbaarheid, is dit vir ons moontlik om God op die manier vir ons voor te stel in sy groot krag en kan ons darem ook oor hierdie krag en vrugbaarheid beskik en kan ons so oor God beheer kry.

***

Nou laat ons tog ook die werklike betekenis agter die tweede gebod ons eie maak deur eintlik die evangelie ook in die tweede gebod na ons toe te sien kom. Ja, die tweede gebod is evangelie, die werklik goeie nuus en bedoeling wat God ook in die tweede gebod aan ons gee. Die evangelie van goeie werke het in die tweede gebod wel met iets van 'n beeld te doen, maar daar is tog 'n ingrypende verskil. Die goeie werke wat Jesus vir ons gedoen het, is dat Hy ons met sy bloed gekoop en vrygemaak het en nou kom die beeld. Hy wil ook deur sy Heilige Gees ons tot sy ewebeeld vernuwe. Laat ons egter mooi daarop let wanneer ons praat van ons mag God in geen beeld namaak nie, dan is in Genesis 1 met die skepping van die mens en alles wat in die paradys ons gegee was die mens na die beeld en gelykenis van God geskape. Daardie beeld het die sondeval en alles wat sonde is van ons afgestroop. Ons het seker nog altyd weer 'n verlange en heimwee daarna, daarom dat die mens met sulke namaaksels aanmekaar besig is, om te dink ons kan die Godsbeeld uit onsself herstel. Die tweede gebod word eintlik 'n vergrype na wat ons verloor het. Dit maak dit vir God 'n gruwel in sy oë, as ons so probeer om sy beeld

aan te rand. Die tweede gebod wys eintlik op drie terreine hoe die mens probeer ingryp. Jy gryp na die hemel daar waar die sterre is, gryp na die aarde, waar die diere en die mens woon, gryp selfs daarna wat onder die aarde is, daar waar die visse is in die diepte van die see. So neem die mens eintlik elke keer sy toevlug tot een van hierdie drie terreine. Daarom onderskei ons in die 2de gebod duidelik hierdie drie terreine- *Jy mag vir jou geen gesnede beeld of enige gelykenis maak van(1) <u>wat bo in die hemel is</u>, of van (2)<u>wat onder op die aarde is</u>, of van wat (3) <u>in die waters onder die aarde is nie</u>...Jy mag jou voor hulle nie neerbuig en hulle nie dien nie...*

Elke keer as Israel gruwelik sondig, soos by die Aaron en die goue kalf wat ons reeds nou baie genoem het, of Miga en Dan in Rigers 17 en 18, of koning Jerobeam, almal manne wat beelde oprig. Dis ’n lyn deur die Ou Testament, die sonde om God sigbaar te wil voorstel. Mense wat soos ons almal deur die sondeval die beeld van God verloor het wil op ongeoorloofde wyse weer die beeld probeer namaak. Die mens wil God sien! Op allerhande maniere wil die mens probeer om die beeld na te maak. Terwyl ons die beeld nie kan namaak nie. Hoe baie dinge is daar wat mense wil sien wat nie gesien kan word nie.

Hierin kan ons dink hoe mense kan dweep met wedergeboorte en bekering en geloof, dinge wat ons nie kan sien nie, maar nou kom die mens met allerhande sigbare ervaringe wat daarin na vore moet kom. Mense wil dit wat ons nie kan sien nie, wil hulle sien. Dit moet my ervaring word, daarin sit iets van die kern ook van die mistiek wat by die ou Gnostieke dwalinge sterk ingeleef was. Hoe meer die godsvrug verlore gaan, hoe meer kom daar die sug na die uitwendige met allerhande gebruike en seremonies terwyl God in Gees en waarheid gedien wil word. Die inhoud van die waarheid, dit waarmee God Hom aan ons openbaar, dit is vir God die belangrikste. As allerhande vorme van beelde mense ontroer en nie meer God se Woord en die werk van die Heilige Gees nie, dan kom hierdie gebod ter sprake.

En so min soos wat ons God se beeld kan namaak, niemand het God nog ooit gesien nie, net so min mag ons die beeld van God verag. God wil reg geken word en nie met

denkbeeld wat mense van Hom voorstel nie. Selfs het die Jode van die Messias 'n valse denkbeeld vir hulleself voorgestel. En toe Jesus op aarde kom en Hy nie voldoen aan die beeld wat hulle van Hom voorgestel het nie, toe het hulle Hom as Messias verwerp. So word God se beeld verag en kom daar al hoe meer eiewillige godsdiens na vore. Die ergste is dit wat Satan doen. In Op 13 lees ons hoe die duiwel ook 'n beeld maak nl. die Antichris. Die einde van vers 14 en 15- hoe die satan aan die bewoners van die aarde gesê het *dat hulle 'n beeld moet maak vir die dier wat die swaardwond ontvang en lewendig geword het. En dit is hom gegee om 'n gees aan die dier se beeld te gee, sodat die dier se beeld ook sal praat en maak dat almal gedood word wat die dier se beeld nie aanbid nie.* Dit is die ergste wat gebeur. Die mens se wetenskap en tegnologie ja met allerhande slimheid en slinksheid sal die handlangers van die Antichris daarin slaag om aan die beeld asem te gee, dat hy kan praat. So sal die Satan al hoe meer die aandag en eer wat God moet ontvang op homself wil vestig, maar dit is maar sy eerste treë wat God Hom sal toelaat voordat die duiwel vir ewig gestraf sal word.

Die beeld van God dra niks van hierdie drogbeelde wat mense maak nie, maar watter voorreg terwyl ons geen beeld van God mag maak nie, dat God sy eie Beeld gemaak het. Hy is nie net alleen God nie (1ste gebod), maar die wonder van die evangelie van die Wet is ook in die tweede gebod dat ons God mag ken as die enigste Beeldmaker. Op die regte tyd, dit wat ons noem die volheid van die tyd het God 'n sigbare en tasbare Beeld van Hom die wêreld ingestuur nl. Jesus Christus. Van Hom lees ons in Kol 1:15- *Die Seun is die beeld van God wat self nie gesien kan word nie.* En vêrder in Kol 2:5- *In Hom is die volle wese van God beliggaam*- en so treffend staan dit ook in Heb. 3:1- *Uit Hom straal die heerlikheid van God en Hy is die ewebeeld van die wese van God.* Dit staan duidelik- *dat Hy die afskynsel van God se heerlikheid is en die afdruksel van sy wese*.

Waar ons gehoor het hoe ons die Beeld van God verloor het, dit wat die sondeval gedoen het, is Christus die herstelde beeld van God in die mens. Die Woord van God kan ons een groot tekening van die Beeld van God noem. Christus Jesus in sy volheid is die Woord van God (Joh. 1:1). Ons het niks meer nodig nie! Wie meer wil doen, wie God

op sy eie wil voorstel, wie God wil dien maar op sy eie manier. Dit alles verbied die tweede gebod. Oortreding van die tweede gebod is in alle gevalle uiters gevaarlik.

Ons kry dit by die mense wat die belewing van hulle godsdiens voor die waarheid daarvan stel. Die mense wat glo dat die kerk is daar vir die mens en nie die mens vir die kerk nie. Die kerk moet ook aan hulle behoeftes voldoen. Hulle sal meer oor die dominee praat as wat hulle werklik oor die kerk van die Here praat. Die kenmerke van die ware kerk staan vir hulle ondergeskik aan wat hulle eerder na kyk wat die kenmerke van hulle dominee moet wees. Selfs hoor jy dan mense praat van "my dominee"... 'n Kerk uit mense al hoe meer vir die mense, kan dit nog 'n ware kerk wees, broeder en suster?!

Allerhande byeenkomste en kringetjies begin naderhand die ware erediens te verdring. Dit is vir hulle lekkerder om met mekaar te praat en allerhande mooi dingetjies vir hulleself voor te stel en die Woord van God word eintlik maar net bygesleep. Hulle verstaan nie meer dat 'n erediens is 'n ontmoeting met God waar God sy kinders in hierdie samekoms byeen roep om na Hom te luister nie. God se werk word dan verag en dit is oortreding van die tweede gebod. Die God wat sê dat Hy is 'n jaloerse God. Wanneer God nie sal toelaat dat Hy sy Bruid, sy Kerk sal verloor nie, dan verstaan ons baie goed dat oortreding van hierdie gebod is uiters gevaarlik. Eiewillige godsdiens is werklik uiters gevaarlik. Ons en ons kinders word daardeur geraak. Tot in die derde en vierde geslag sal God nog straf, God sal nog besoek aflê as Hy by ons en ons nageslag hierdie eiewillige godsdiens ontdek. Besef mense dus werklik wat hulle aan hulle kinders doen as hulle met allerhande eiewillige godsdiens besig is?!

Hoe wonderlik ook die gehoorsaamheid aan die tweede gebod. Dit wat God se kinders tot in die duisendste geslag moet lok. God bewys sy barmhartigheid nie net tot in die duisendste geslag nie, maar dit geld ook vir duisende mense wat Hom hierin liefhet en sy gebooie onderhou. Dit is wonderlik om op die manier deur die tweede gebod ook tot Jesus Christus jou toevlug te neem. Met al jou vrae, al jou nood en wie Hom werklik ken hoe Hy kan red en hoe Hy ons kan vergewe, watter genade om die God ook in die tweede

gebod in sy Beeld Jesus Christus te dien. Ons ervaar op ’n Bybelse wyse ook sekere dinge. Nie maar ervaring van jou eie gevoelens nie, maar om te ervaar dat God ryk is in barmhartigheid en genade.

Dan word jy na die beeld van God vernuwe. Die Heilige Gees doen hierdie vernuwing. Hy wat ook hierdie gebod in ons harte skrywe. Hy sal altyd sy Woord as middelpunt van die bediening stel. In elke erediens moet God se Woord die middelpunt wees. Alles moet daaraan ondergeskik wees. Die vorm van die erediens moet gevolglik net die inhoud dien. Die sakramente wil ook niks meer bedien as God in Jesus Christus deur sy Woord nie.

Kortliks net die vraag rondom of ons nou geen beeld mag maak nie. Broeder en suster, nêrens gaan dit daaroor dat ons geskiedenis en mense vanuit ons geskiedenis, nie afgebeeld mag word nie. Soos wat ons pragtige foto’s van die skepping mag neem, mooie skilderye mag geverf word, ja pragtige standbeelde van gebeure en mense mag gemaak word. Wie hiermee dit ook deur die tweede gebod wil verbied, is eintlik besig om God ook van sy eer te ontroof, want dit is God wat vereer moet word in die gawes wat mense het om hierdie kunswerke te mag maak en op te rig. In alles gaan dit om God wat nie afgebeeld mag word nie. Dit gaan nie om afbeelding as sodanig nie. Moet nie slimmer as God wil wees nie. Waar die diens aan God wel deur sulke prente en beelde in die gedrang kom, daar begin die gevaar. Kinderbybels met allerhande prentjies, kinderdienste, rolprente wat direk op Jesus as mens fokus terwyl Hy werklik God is wat nie afgebeeld mag word nie! Oberammergau en The passion of Christ. Daar het ons konkreet die tweede gebod in sy wese oortree. Onthou hierdie gebod wat jy oortree, nie net wat jy aan God doen nie, maar wat doen jy aan jou kinders.

AMEN

Vrae uit Sondag 35:

1. Verduidelik die verskil tussen die eerste gebod en die tweede gebod?
2. Kan ’n mens uit homself/haarself God reg dien? Motiveer.
3. Het die mens wat na die beeld en gelykenis van God geskape is enigiets van hierdie beeld ná die sondeval oorgehou?
4. Noem ’n duidelike voorbeeld van oortreding van die tweede gebod toe Israel in die woestyn op trek was?

Pretoria- .....

5. Is eredienste vir God belangrik? Verduidelik. Kan die ware godsdiens sonder ’n ware erediens God aanbid?
6. Wat verstaan jy daaronder dat alle mense eintlik baie godsdienstig is? Hoe het Paulus hierdie godsdienstigheid in Athene hanteer?
7. Wat bedoel ons as ons sê dat die heidense godsdienste eintlik ’n hele netwerk van gedagtes en bedoelinge daaragter het. Wat is werklik die bedoeling agter hierdie beelde wat opgerig is?
8. Waar in Jesaja lees ons hoe hy met hierdie beelde die spot dryf? Wat lees ons daar?
9. In watter opsig kan ons die tweede gebod evangelie van God noem? Vgl. onderaan p.4.
10. Op watter drie terreine wys die 2de gebod die vergrype van die mens aan? Bo-aan p.5
11. Op watter manier kan mense dweep met wedergeboorte, geloof en bekering?
12. Is Satan ook ’n beeldmaker? Waar lees ons meer hieroor?
13. Is God ook die ware Beeldmaker? Verduidelik wat ons hieronder moet verstaan.
14. Wat word in die Wet bedoel as ons in die 2de gebod lees dat God is ’n *jaloerse God?*
15. Op watter wyse word die nageslag in die 2de gebod betrek?
16. In watter opsig is gehoorsaamheid aan die 2de gebod ook vir die nageslag baie belangrik?
17. Noem praktiese voorbeelde waar mense eintlik met eiewillige godsdiens besig is?
18. Is dit belangrik om weer na die beeld van God vernuwe te word?
19. Hoe gebeur hierdie vernuwing na God se beeld?
20. Mag die beeld van Paul Kruger op kerkplein staan en mag hy en sy vrou se stoele onder ons preekstoel staan? Is dit oortreding van die 2de gebod?!

Pretoria- .....


97. Mag ons dan glad nie beelde maak nie
God kan en mag op geen enkele manier afgebeeld word nie
Die skepsels mag wel afgebeeld word
maar God verbied ons dat ons van hulle afbeeldings maak en besit
om dit te vereer
om Hom daar-deur te dien
98. Mag ons beelde as "boeke van leke" in die kerkgeboue toelaat?
Nee!
Ons moet nie wyser as God wil wees nie
Hy wil sy Christene nie deur stom beelde laat onderrig nie
Hy wil sy Christene deur die lewende verkondiging van sy Woord laat onderrig